DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

29 Maart 2020

Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

Skriflesing : 2 Kronieke 20: 1 – 30

Heidelbergse Kategismus Sondag 10

Koning Josafat kry slegte nuus.  Daar kom ’n oorlog teen hom en sy mense.  En  dan lees ons in vers 3 van sy reaksie op hierdie nuus: vrees pak hom beet!  Hy raak bang.  En ’n mens kan hom seker nie kwalik neem nie, want oorlog is verseker iets om voor bang te wees!  Daar is vandag ‘n ander vrees oor die wêreld wat mense bang maak - die Coronavirus. Ons het elkeen ‘n lysie bangmaak goed wat ons kan opnoem.  En iewers op jou bangmaak lysie sal jy onsekerheid inskryf. Onsekerheid maak ons bang. Om nie te weet wat wag en waar jy gaan uitkom nie, bring vrees by ’n mens. Ons het baie vrae oor die impak op ons toekoms. Gaan my pensioen en gesondheid hou? Josafat se vrees en bangheid het maar in ons lewe ’n nuwe naam.  En hierdie onsekerheid of bangheid is ook nie iets wat ons kan wegwens nie. Dit is ook nie ’n teken van ongeloof of swakheid nie. Dis nie net ongelowiges wat bang raak nie!  Dit is deel van die emosies van mens-wees waarmee ons worstel.  Die vraag is nie, of gelowiges ook bang kan raak nie, maar eerder, hoe hanteer ek hierdie vrees?  Wat moet ek nou doen?  En daar is net een van 2 maniere, jy kan toelaat dat vrees jou lewe oorneem en jou verlam of jy kan jou vrees hanteer.  En Josafat is ’n baie goeie voorbeeld van ‘n gelowige wat sy vertroue op God plaas. Ons lees: “Josafat was bang en het by die Here hulp gesoek. Hy het ’n vasdag in die hele Juda uitgeroep.” (v 3). En toe Josafat die volk bymekaar het, bely hy in (v 6): “Here, U is God. U heers uit die hemel oor al die koninkryke van die nasies.  Uit u hand kom die mag en die krag.  Niemand kan teen U stand hou nie.” Wie anders as die Here kan ons vashou, lei, bemoedig, beskerm, raad gee, vertroos en deure oopmaak in hierdie tyd?  En daarom kan ons ook nie anders as om uit te roep: (v 9) Here, ons God, “ons het nie die krag om hierdie groot menigte wat teen ons optrek, te weerstaan nie.  Ons weet nie wat om te doen nie [maar] Ons oë is op U gerig”  (v 12).  Ja, ons kyk, met geloofs oë na God.

Hy is die Een wat ons deur Sy Gees sal lei, dra en krag gee. “Toe kom die Gees van die Here oor die gemeente” in (v 14).  En die Here sê vir sy gemeente: Moenie vrees nie, moenie bang wees vir hierdie groot menigte nie, “want hierdie oorlog is nie ’n saak vir julle nie, maar vir God (v 15)”.

Die Here kom vat letterlik die saak uit die volk se hand uit! Hy kom vat die vrees en die bekommernis en die onsekerheid en Hy sê vir sy kinders, dit is nou nie alleen jou probleem nie, dit is Myne! (v 17): “Julle hoef nie te veg nie, neem net posisie in en staan en kyk na die oorwinning van die Here vir julle. Moenie vrees nie, moenie bang wees nie. Die Here sal by julle wees” . So het die Vader in en deur Sy Seun vir ons kom doen

Liewe gemeente ons weet dat die Here God is. Ons glo dit! Ons bely dit, ons bid dit! Ons weet dat die Here ons in enige situasie kan help. Ons kan baie voorbeelde opnoem van hoe die Here ons al in die verlede uit baie noutes, bekommernis en onsekerheid gelei het. En as jy mooi daaroor dink, sal jy ook besef, jy het eintlik maar net gestaan en kyk, die Here het alles gedoen. Maar die belangrike is om na die Here te gaan en dan te kyk na die oorwinning oor magte en kragte wat die Here vir ons aan die kruis behaal het! Want ons lewensreis is in God se hande. Niks en niemand kan ons uit ons Vader se hand ruk nie. Besef jou vrese, swakheid en onvermoë en vertrou dat die Here saam met ons is. Die volk het die Here vertrou en hulle posisie gaan inneem, maar op ‘n baie besondere manier. (v 21), hulle het geloop en sing, “Aan die liefde van die Here is daar geen einde nie.” Paulus herhaal hierdie woorde vir die liggaam van Jesus Christus in die Nuwe Testament. Daarom is dit so veelseggend, die oomblik toe hulle die liefde, beskerming en leiding van die Here besing in die lied, die oomblik toe hulle hulle vertroue in die Here plaas en daaroor juig, van daardie oomblik lees ons in (v 22): “Juis toe, toe die sangers met die lofprysing en gebed begin, het die Here onverwagte aanvalle bewerk en die Moabiete het een na die ander neerlaag gelei.”

Liewe gemeente, ons bede vir mekaar moet wees dat God deur die Heilige Gees ons geloof in die tyd sal bewaar. Dat ons sal onthou: “Stel julle vertroue in die Here julle God, en julle sal vas staan, en dit sal goed gaan met julle (v20). Wees en bly in die volgende weke verantwoordelik en sing saam met die koor van gelowiges oor baie eeue, van God se troue liefde en sorg. En wanneer jy sing, spreek jy jou vertroue in God uit. Staan vas en glo dat die Here ons eindbestemming in die saak, in sy Almagtige Vaderhande vashou.

## OOG VIR MEKAAR




* Baie dankbaar saam met Gerhard Maritz dat die behandeling wat hy ontvang het afgelope week afgehandel is. Sterkte vir julle gesin
* Bid vir Lana Nel wie se moeder met kanker gediagnoseer is. Baie sterkte vir julle gesin en familie in die moeilike tyd.
* Baie sterkte vir almal wat swaarkry en onder siekte gebuk gaan. Ons bede is dat ons aan mekaar in ons gebede sal dink in die tyd van afsondering. Staan mekaar by en laat weet asb vir ds Sarel as jy enige nuus uit die gemeente het.
* Ds Sarel stuur so nou en dan 'n boodskap op whattsapp uit. Hy het nie die hele gemeente se nommers op sy foon nie. Stuur asb die stukkie na ander lidmate wat jy ken asb.
* Ons beleef onsekere tye. Mag die Here ons almal vashou en dra en ons geloof versterk totdat ons weer normaal as gemeente kan funksioneer.
* Baie dankie aan Nantes wat steeds sorg dat die Basuin opgestel word uitgestuur word.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle offergawe bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor vanaf Vrydag 27 Maart 2020 gesluit sal wees tot verdere kennisgewing.

## BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidige omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer hervat word na 15 April 2020.

# BYBELSTUDIE

**Bybelstudiegroepe is afgestel tot na 16 April 2020**

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




***Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za***

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

## Verjaarsdae

| Datum | Naam | Belydend/ Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| * 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer | | | |
| Ma 30 Maart | Sheila Cloete **<br>Pieter Du Rand | B<br>B | 083 361 8839<br>062 519 2462 |
| Di 31 Maart | Rika Schutte *<br>Annemarie v Biljon | B<br>B | 079 114 0567<br>072 937 9648 |
| Wo 1 April | Piet Kruger<br>Hannes Roux | B<br>B | 065 989 5301<br>083 288 2525 |
| Do 2 April | Johan Peyper | B | 082 464 1631 |
| Sa 4 April | Johmar Wolmarans | D | 083 339 5398 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 2 April 1976 | Maruis en Harriet Krüger | 44 | 082 785 6975<br>076 394 1396 |
| 3 April 1982 | André en Annemarie Bakker | 38 | 083 457 1711<br>082 484 6267 |
| 4 April 2015 | Niekie en Candace vd Walt | 5 | 082 974 3059<br>082 382 3471 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Omgewingspitkos*

God het die aarde aan die mens geskenk om 'n heerlike bestaan te maak tot Sy eer. Omdat alles aan die Here behoort en ek alles wat ek nodig het van God ontvang het, moet ek bewus van my omgewing se belang leef. Ek hoef dus nie die natuur uit te buit of te besoedel in 'n poging om angsvallig vir myself te sorg nie. Soos Ps 24 getuig, het alles in hierdie lewensruimte 'n etiket op wat sê : Gemaak deur die Here. Daarbinne kan dus 'n veilige lewensbestaan gemaak word en vanuit God se genade 'n omgee vir ander en die natuur uitstraal. Met so 'n omgaan met die skepping kan ons net groei in ons heiligmaking.

